26 Maart 2010

OMSENDBRIEFNR: 7/2010

Geagte Ouer

Die jaar stoomroller voort en ons is gekonfronteer met die feit dat die eerste kwartaal iets van die verlede is. Graag gee ek die volgende aan u deur.

1. Algemeen:

   Die skool se Sportdag/Kermis het in die afgelope jare tradisioneel plaasgevind op die laaste Saterdag in Mei. Vanjaar sluit die skool al op 9 Junie en moet ons ongelukkig al ongeveer die 19de Mei met die Junie-eksamen begin. Die gevolg is dat die skool se jaarlikse Sportdag/Kermis op 17 April 2010 plaasvind.

   Baie dankie vir al u hulp en bydraes tot op datum. U ondersteuning op dié dag is van kardinale belang aangesien die fondse gebruik word om die onderriggelde so laag as moontlik te hou. Bring asseblief u vriende saam en kom ondersteun ons stalletjies.

   Toegang beloop R10.00 per volwassene en hoërskool-leerders. Die toegang van laerskool-leerders is gratis. Die leerders van Oranje-Noord moet asseblief in hul sportdrag, sweetpak of skooldrag (somer) die dag bywoon.

   Steakkaartjies teen die billike prys van R70.00 per volwassene en R35.00 per kind is nog beskikbaar. Kontak asseblief u kind se klasonderwyser indien u kaartjies benodig.

   Leerders mag Vrydag, 16 April 2010 met gewone klere skool toe kom. ‘n Vrywillige bydrae van R2.00 word gehef. Die skool verdaag ook Vrydag, 16 April om 12:30.

   ‘n Oueraand word gehou op Woensdag, 28 April 2010 vanaf 17:00 tot 20:00. U word hartlik uitgenooi om met u kind se onderwyser in gesprek te tree. Indien u u kind se onderwyser wil spreek, moet u asseblief ‘n afspraak by die sekretaresse, mev. Grové maak. Die afsprake vir gr. 4 – 7 van 15 minute elk kan tussen 17:00 en 20:00 gemaak word. Indien u meer tyd nodig het, kan u gerus met die onderwyser/es kontak maak en ‘n ander afspraak reël. Die Graad 1 – 3 onderwyseresse reël self afsprake met hul ouers.

   Die skool heropen Maandag, 12 April om 07:30. Die leerders kom nog in somersdrag skool toe. Sodra die weer verander, sal ons u van die omskakeling na wintersdrag in kennis stel.

Die Klerebanktye vir die tweede en derde kwartaal is as volg: Maandae en Vrydae vanaf 13:00 – 13:30 en Woensdae vanaf 17:00 – 17:30.

Baie sterkte aan die groep °/13 rugbyspelers wat die Marlow °/13-rugbyweek te Cradock bywoon. Baie sterkte en mag jul die week terdeë geniet. Ons dank ook aan die afrigters mnre. Slabbert en Vollgraaff wat die seuns vergesel.

Die Graad 6-leerders het ‘n buitelug opvoedingsprogram te Duin-in-die-Weg bygewoon. Uit die terugvoering van die leerders het hulle dit terdeë geniet ten spyte van al die dorings! Ons dank aan die Graad 6-kollegas wat hulle vergesel het.

Die volgende redenaars dring na die ATKV-ronde op Kakamas deur.

Graad 1 – 3:	Loubser Nel
	Lara Mostert
Graad 4 – 5:	Pieter Nel
	Teliza Zaayman
	Michané Lombard
	Hesna Theron
Graad 6 – 7:	Elani Strydom
	MJ Grové
	Danielle Nel

2. Sport:

Die meeste sportprestasies is in die vorige omsendskrywes genoem. Ons wil weereens al die spanne en uitblinkers op die sportveld gelukwens met hul puik prestasies.

Skiet: Tydens die eerste Provinsiale skietproewe wat op 12 en 13 Maart te Prieska plaasgevind het, het Oranje-Noord se skuts weereens uitgeblink onder die 100 skuts en 8 skole wat deelgeneem het. In die veergeweerklas is die uitslae as volg. °/13 dogters Jana Becker – Goud (1ste plek)
°/13 dogters Christine Becker – 4de plek
Dogter-staan Christine Becker – 5de plek
Baie geluk aan dié twee sussies!

Die °/9-rugbyspan het Dinsdag, 23 Maart teen ‘n toerspan van Vryburg Voorbereidingskool gespeel. Ons dank aan die afrigters en sterkte vir die seisoen.

Suzette Steenkamp en Alicé Maritz het op 19 – 20 Maart 2010 aan die Africa Challenge National Level 2 kampioenskappe in Durban gaan deelneem.

Aangesien die Sportdag die eerste Saterdag na die skole begin het, plaasvind, wil die afrigters van °/11 - °/13 graag vanaf Maandag tot Donderdag oefen. Die leerders van buite Upington moet tog onthou om Maandag al hul oefenklere saam te bring.

My dank ook aan die personeel vir hul harde werk die afgelope kwartaal. Rus lekker uit. Ons gelukwense aan mnr. Van Rooyen, mevv. Spangenberg, Van der Westhuizen (nasorg), Lourens en Olivier wat gedurende die vakansie verjaar.

Gedagte vir die vakansie: John Wesley skryf – Doen soveel goeie dinge as wat jy kan aan soveel mense as wat jy kan op enige manier wat jy kan vir solank as wat jy kan.

Vriendelike groete

P.D. VAN DER MERWE
SKOOLHOOF